Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

WOW
Words Open Worlds
Amagama aVula iHlabathi
Woorde Open Wêrelde

# WOW Telfees 2026:

## Formaat en Reëls

## Pure pret en plesier!

WOW Telfees

MILLENNIUM TRUST

# 1. Inhoudsopgawe


........................................................ 1
WOW Telfees 2026: Formaat en Reëls ........ 1
Pure pret en plesier! ........ 1
1. Inhoudsopgawe ........ 2
2. Doel: ........ 3
3. Kategorieë vir WOW Telfees ........ 3
4. Skematies voorstelling van Deelname: ........ 3
5. Kort beskrywing van vlakke van deelname: ........ 4
A. Deelname: Vlak 1: Interne skool WOW Telfees ........ 4
B. Deelname: Vlak 2 (Kringe / Geografiese areas) ........ 4
C. Deelname: Vlak 3 (Distrikte / Geografiese areas) ........ 4
D. Deelname: Vlak 4 (Provinsiaal / nasionale provinsies) ........ 4
6. Tyd en plek ........ 5
7. Taal van aanbieding van Telfeeste: ........ 5
8. Rolspelers in WOW Telfees ........ 5
9. WOW Telfees: Dokumentasie: ........ 5
10. Formaat: ........ 6
11. Reëls ........ 7
12. WOW Telfees: Tydlyn ........ 8
13. Beamptes by WOW Telfees ........ 8
A. Koördineerder: ........ 8
B. WOW Telfees-Bestuurder: ........ 8
C. Beoordelaars: ........ 9
D. Aankondiger: ........ 9
E. Tydhouer: ........ 9
F. Optekenaar ........ 9
14. Skematiese voorstelling van uitleg van Telfeeslokaal ........ 10

# WOW Telfees

## 2. Doel:

1. Om opvoedkundige pret met wiskundige bewerkings te bevorder.
2. Om syfervaardigheid en wiskundige geletterdheid te verbeter.
3. Prettige aanbiedings, met 'n element van spanning.
4. Om liefde vir Wiskundige bewerkings te help aankweek.

## 3. Kategorieë vir WOW Telfees

***WOW Telfees*** word in die volgende grade aangebied: Graad 4-9.

| Nr. | Kategorieë | Kort beskrywing |
|---|---|---|
| **1** | Graad 4 – Graad 6 | Laerskole: Intermediêr Fase |
| **2** | Graad 7 | Laerskole: Senior Fase |
| **3** | Graad 8 – Graad 9 | Hoërskole: Senior Fase |

## 4. Skematies voorstelling van Deelname:

| Deelname | Kort Beskrywing | Tipe WOW Telfees | Datums |
|---|---|---|---|
| **Vlak 1** | Leermateriaal word beskikbaar gestel. | Interne Skool **WOW Telfees** | Skole bepaal self. |
| **Vlak 2** | Skole binne dieselfde provinsiale onderwyskringe neem deel teenmekaar. | Kring **WOW Telfees** | Kwartaal 3 |
| **Vlak 3** | Graadwenners van onderwyskringe binne dieselfde onderwysdistrikte neem deel teenmekaar.. | Distrik **WOW Telfees** | Kwartaal 3 |
| **Vlak 4** | Distrikswenners binne dieselfde provinsiale Onderwysdepartement neem deel teenmekaar. | Provinsiale **WOW Telfees** | Kwartaal 3 & 4 |
| **Vlak 5** | Provinsiale wenners kompeteer by die WOW Finale geleentheid | WOW Nasionale **WOW Telfees** | **Nie in 2026 nie** |

## 5. <u>Kort beskrywing van vlakke van deelname:</u>

### A. Deelname: Vlak 1: Interne skool WOW Telfees

Die koördineerder van elke deelnemende skool bepaal die formaat waarvolgens die beste leerder in elke graad geïdentifiseer word. Sommige skole hou byvoorbeeld interne ***WOW Telfees*** en diegene wat bo 80% kry, word as finaliste gekies. Daar word vervolgens gekompeteer tot die wenner van elke graad aangewys kan word. Sommige skole bied hul ***WOW Telfees*** aan as groot gala-geleenthede, met 'n ***WOW Telfees*** in 'n saal of area waar die ander leerders as gehoor optree. Dit bly egter die skool se keuse hoe die wenners in elke graad bepaal word. (hierdie is slegs idees wat gedeel word, skole besluit self hoe deelnemers gekies word).

Die graadwenners van elke skool dring deur tot die Kring ***WOW Telfees***. Die streke waarin skole ingedeel word, word geografies bepaal afhangend van die aantal deelnemende skole per streek, asook die indeling volgens die betrokke Onderwysdepartement.

### B. Deelname: Vlak 2 (Kringe / Geografiese areas)

Die graadwenners van elke skool (soos deur onderwysdepartement bepaal / geografiese areas) dring deur tot die <u>**Kring *WOW Telfees***</u>. Die streke waarin skole ingedeel word, word geografies bepaal afhangend van die aantal deelnemende skole per streek, asook die indeling volgens die betrokke Onderwysdepartement.

### C. Deelname: Vlak 3 (Distrikte / Geografiese areas)

Die graadwenners van elke <u>**Kring *WOW Telfees***</u>. (soos deur onderwysdepartement bepaal / geografiese areas) dring deur tot die <u>**Distrik *WOW Telfees***</u>. Die onderwysdistrikte waarin skole ingedeel word, word geografies bepaal volgens die betrokke Onderwysdepartement.

### D. Deelname: Vlak 4 (Provinsiaal / nasionale provinsies)

Die graadwenners van elke <u>**Distrik *WOW Telfees***</u>. (soos deur onderwysdepartement bepaal / geografiese areas) dring deur tot die <u>**Provinsiale *WOW Telfees***</u>. Die provinsies waarin skole ingedeel word, word nasionaal bepaal.

Alle ***WOW Telfeeste*** word op grond van die riglyne en kriteria van die ***WOW Telfees*** bepaal.

## 6. Tyd en plek

6.1 Graad**WOW Telfees**s word in parallelle sessies by dieselfde plek aangebied (om tyd te bespaar en ter wille van regverdigheid met betrekking tot die grade).

6.2 Aan elke graad- ***WOW Telfees*** word 90 – 120 minute toegeken.

6.3 Hierdie tydsduur per sessie mag wel wissel, afhangende van die aantal deelnemers en hul vermoëns.

## 7. Taal van aanbieding van Telfeeste:

Vir 2026 word alle Telfeeste in Afrikaans aangebied met die oog op uitbreiding na meertaligheid in die toekoms.

## 8. Rolspelers in WOW Telfees

8.1 **Skole:** alle skole wat geregistreer het.

8.2 **Leerders:** deelnemers van elke graad van 'n skool.

8.3 **Opvoeders**: van deelnemende skole en hulle tree op as beamptes.

## 9. WOW Telfees: Dokumentasie:

1. Registrasievorms soos elektronies voltooi word.
2. Formaat en Reëls
3. Voorbereidingspakkette vir grade 4 tot 9
4. Programme vir elke **WOW Telfees**
5. Telkaarte met name van deelnemers (WOW organiseerder hanteer)
6. Elke **WOW Telfees** se pakkette vir grade 4 tot 9 (WOW organiseerder hanteer)
7. Wennerslyste
8. Toerusting vir elke **WOW Telfees** (WOW organiseerder hanteer)
9. Pakkette vir beamptes by elke **WOW Telfees** (WOW organiseerder hanteer)
10. Media en ander persverklarings (WOW organiseerder / inhoudsbestuurder hanteer)

## 10. Formaat:

1. Deelnemers van die verskeie skole word verdeel in groepe van 20 leerders per graad.
2. Elke deelnemer ontvang ŉ nommer wat bepaal word volgens die telkaarte (wat opgestel word soos leerders registreer en opvoeders die name van die leerders deurgee).
3. Deelnemers moet wiskundige vrae mondelings beantwoord soos dit deur ŉ aankondiger (opvoeder) aan hulle gestel word.
4. **Alle wiskundige vrae word dus mondelings gevra en beantwoord**.
5. Elke deelnemer kry eie unieke wiskundige vraag waarvolgens hulle beoordeel word.
6. Wiskundige Vrae word opgestel binne verskillende rondes vir deelname en in groepe van 20 vrae per ronde verpak.
7. Elke **WOW Telfees** skop af met ŉ oefenronde om deelnemers vertroud te maak met die proses.
8. Na hierdie oefenronde begin die proses met die Telfeesbestuurder (opvoeder) wat almal aanmoedig om net hul beste te lewer en vir die aankondiger aandui om die proses te begin.
9. Die **WOW Telfees**bestuurder maak ook seker dat alle beamptes (opvoeders) gereed is.
10. Die aankondiger lees die wiskundige bewerkings / vrae in chronologiese orde.
11. Vrae word volgens afdelings en moeilikheidsgraad opgestel en progressie is vanaf maklik na meer uitdagende bewerkings.
12. Sodra ŉ leerder se beurt aanbreek, lees die aankondiger die wiskundige vraag en die leerder moet binne 15 – 30sekondes (***of soos vasgestel vir bepaalde rondes***) beantwoord.
13. Vir ŉ korrekte antwoord word ŉ **GROEN** kaart gelig, deelnemers kry ŉ punt wat aangeteken word op die telkaart, en vorder na volgende ronde.
14. Vir ŉ verkeerde antwoord word ŉ **ROOI** kaart gelig, deelnemers kry GEEN punt nie, word geëlimineer, en vorder NIE na volgende ronde NIE
15. In geval van onvoorsiene steurnisse / onderbrekings (deur wat dalk klap wanneer ŉ leerder moet antwoord of ŉ aankondiger lees), word ŉ **GEEL** kaart gelig, die proses word dan herhaal sodat geen deelnemer benadeel word nie.
16. Hierdie proses word herhaal totdat elke deelnemer ŉ geleentheid binne ŉ bepaalde ronde kry.
17. Soos die proses voortgaan met eliminasie en progressie, word leerders se totale punte aangeteken op die Telkaart.
18. Toppresteerders word dus bepaal volgens deelnemers wat die hoogste punte behaal het.
19. Die toppresteerders sal die deelnemers wees wat laaste staande bly.
20. Indien leerders in dieselfde rondes geëlimineer word, sal hulle voortspeel binne dieselfde ronde, en vorder na volgende rondes, totdat ŉ wenner bepaal word.
21. **GEEN BEWERKINGS OP PAPIER WORD TOEGELAAT NIE**.
22. Elke groep het ŉ span beamptes (opvoeders) wat sekere rolle vervul.

**23.** Die beamptes is 'n Telfeesbestuurder, 2 tot 3 beoordelaars, 'n tydhouer en 'n aankondiger wat die wiskundige vrae hardop lees.

**24.** Daar sal ook opvoeders wees wat data versamel, sowel as 'n optekenaar wat die proses volg en aanteken.

**25.** Sien die skematiese voorstelling (aan die einde van dokument) van hoe 'n tipiese Telfeeslokaal uitgelê kan word.

## 11. Reëls

1. Alle leerders neem deel in skooluniform.
2. Leerders word opgedeel in groepe van 20, elke leerder ontvang 'n nommer soos aangedui op die telkaarte.
3. Die Telfeesbestuurder / ander beampte lees die leerders se name en hul neem sitplekke binne die klaskamer in, soos aangedui.
4. Spelfeesbestuurder lees die verantwoordelikhede en voorregte vir deelnemers voor. Dit sluit die volgende in:

**4.1. Verantwoordelikhede**:

4.1.1. Moet binne bepaalde tyd antwoorde hardop en mondelings deurgee.

**4.1.2. MOET** die woord **FINALE ANTWOORD** gebruik om aan te dui dat hulle afsluit, dus leerders se respons: **FINALE ANTWOORD / MY ANTWOORD IS....... (EN DAARNA SPREEK LEERDERS DIE ANTWOORD HARDOP UIT)**

**4.2. Voorregte**:

4.2.1. Mag vra vir 'n herhaling van die vraag

4.2.2. Mag self korrigeer solank dit voor die afsluiting gebeur.

4.2.3. Mag ook vra dat 'n ander beampte die wiskundige vraag voorlees.

5. Alle wiskundige bewerkings word mondelings gevra en moet mondelings beantwoord word.
6. Vrae word chronologies gevolg, geen vraag behoort aan 'n spesifieke nommer nie.
7. Alle Telfeeste skop af met 'n oefenronde waar geen punte toegeken word nie, en ook geen leerder geëlimineer word nie.
8. Beoordeling begin onmiddellik na die Oefenronde en beamptes moet gereed wees om hierdie proses te bestuur.
9. Wenners word bepaal volgens telkaarte en enige gelykoptellings sal uitgesorteer word.
10. Die besluite van die beamptes is finaal.

## 12. WOW Telfees: Tydlyn

| | | |
|---|---|---|
| **Februarie** | Bekendstelling van **WOW Telfees** | WOW |
| **Maart** | Inligting- en opleidingsessies<br>Registrasie open<br>Leermateriaal beskikbaar | WOW & Numbersense |
| **April – Mei** | Inligting- en opleidingsessies<br>Registrasies word aktief bemark<br>Leerdervoorbereiding.<br>Verskillende grade se voorbereidingspakkette word beskikbaar gestel en op webwerf gelaai.<br>Inligting- en opleidingsessies.<br>Registrasies word aktief bemark | WOW & Numbersense & Organiseerders |
| **Junie – Julie** | Registrasies sluit.<br>Leerdervoorbereiding soos moontlik. | Organiseerders |
| **Julie – Oktober** | **WOW Telfees**: onderskeie vlakke.<br>Provinsiale finale | WOW & Numbersense & Organiseerders |

## 13. Beamptes by WOW Telfees

### A. Koördineerder:

1. Elke deelnemende skool moet 'n koördineerder vir die projek identifiseer.
2. Die kontakbesonderhede van die koördineerder moet na die WOW-projek gestuur word vir verdere kommunikasie.
3. Koördineerders organiseer **WOW Telfees**s by skole en dien ook baiekeer op die organiserende komitees binne die kring-, distriks- of provinsiale **WOW Telfees**s. (sien Kontroleblad vir Koördineerders)

### B. WOW Telfees-Bestuurder:

1. Een bestuurders per **WOW Telfees** per fases moet aangewys word.
2. Die koördineerder per streek is baiekeer die ideale persoon.
3. Verkieslik kundiges aangesien beslissende oordeel baiekeer gedoen moet word..
4. Bestuurders moet deeglik bewus wees van die formaat en reëls.
5. Hanteer enige navrae / onduidelikhede/dispute/dissiplinêre kwessies.
6. Moet seker maak dat die deelnemers, beoordelaars, aankondigers gereed is vir alles.
7. Maak seker dat verhoog en eerste ry stoele in gehoor gereserveer word.
8. Die **WOW Telfees**-bestuurder sal te alle tye beskikbaar wees vir enige navrae.

## C. Beoordelaars:

1. Opvoeders, wat as onafhanklike beoordelaars sal diens doen, word deur die skole deurgegee en deur WOW organiseerder geplaas.
2. Drie beoordelaars per **WOW Telfees** per graad moet aangewys word.
3. Verkieslik spesialiste / vakkundiges binne die graad waarbinne beoordeel word.
4. Beoordelaars moet deeglik bewus wees van die formaat en reëls.

## D. Aankondiger:

1. Een aankondiger per **WOW Telfees** per graad moet aangewys word.
2. Verkieslik kundiges, persone wat woorde duidelik in Afrikaans die wiskundige vrae kan voorlees.
3. Aankondigers moet op vlak van kind kan werk en duidelik praat / getalle uitspreek.
4. Aankondiger lees die wiskundige vrae eenkeer voor en daarna moet deelnemers antwoord, binne bepaalde tyd en mondelings.
5. Uitspraak sal vooraf met aankondigers bespreek word, veral langer getalle wat voorgelees moet word.
6. Aankondigers moet deeglik bewus wees van die formaat en reëls.
7. Kry lyste vir WOW Telfees voor die tyd vir voorbereiding.


## E. Tydhouer:

1. Een tydhouer per **WOW Telfees** per fases moet aangewys word.
2. Moet 'n uiters betroubare stophorlosie (soos selfoon) gebruik.
3. Tydhouer begin die stophorlosie onmiddellik nadat die aankondiger die wiskundige vraag klaar uitgespreek het.
4. Slegs **WOW Telfees**-bestuurder mag aanduiding gee dat tyd gestop word soos 'n situasie dit mag vereis, bv. as daar steurnisse in venue is, of as 'n beampte nie gereed is nie.
5. Tydhouer lui klokkie sodra die deelnemer sy/haar bepaalde tyd oorskry en deelnemer word dus geëlimineer.
6. Tydhouer moet deeglik bewus wees van die formaat en reëls.

## F. Optekenaar


1. Doen waarnemings binne die lokaal.
2. Maak notas, so volledig as moontlik, van die foute wat deur deelnemers begaan is.
3. Hierdie notas word gebruik om proses te verbeter, maar ook om navrae te hanteer

## 14. Skematiese voorstelling van uitleg van Telfeeslokaal




Deelnemers

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **6** |
| **12** | **11** | **10** | **9** | **8** | **7** |
| **13** | **14** | **15** | **16** | **17** | **18** |
| **24** | **23** | **22** | **21** | **20** | **19** |
| **25** | **26** | **27** | **28** | **29** | **30** |




**AK** = Aankondiger

**TFB** = Telfeesbestuurder

**B1** = Beoordelaar 1 **B2** = Beoordelaar 2 **B3** = Beoordelaar 3

**TH** = Tydhouer

**KT** = Kontrole

**OT** = Optekenaar